BOODSKAP vir Sondag 14 Junie 2020

Gegroet vanuit die pastorie

1 Konings 18; Handelinge 9; Matteus 4

Wat lê vir ons voor: 'n Winter van Wanhoop of 'n Lente van Hoop?

Charles Dickens het in sy boek *A Tale of Two Cities* hierdie konsep in sy eerste paragraaf beklemtoon: *It was the best of times, it was the worst of times, it was the age of wisdom, it was the age of foolishness, it was the epoch of belief, it was the epoch of incredulity, it was the season of Light, it was the season of Darkness, it was the spring of hope, it was the winter of despair…*

Een noodwendige vrug van 'n gedwonge inperking, is dat mens agterkom wat regtig nodig ís en wat nié. Navorsers meen dat post-corona meer mense van die huis gaan werk en selfs nog meer mense godsdienstig onbetrokke gaan wees en eredienste gaan bywoon. Daar word ook gewys dat 'n lang fase van om afstand van iets te ervaar, maak dat die nodigheid en behoefte daarvan óf afneem, óf toeneem.

Die kundiges is slim genoeg om te weet dat hierdie tendense verskillend uitspeel in landelike gebiede soos Calitzdorp byvoorbeeld, ás in groot metropole soos Kaapstad. In elk geval, nes die ekonomie van Suid-Afrika reeds kniediep in die moeilikheid was voor die covid-19 aanslag en nou gaan sukkel om kop bo water te hou, net so was die tradisionele kerke amper soos 'n ou model voertuig in trurat reeds voor inperking en word nou gewonder of die geloofgemeenskap-enjin nie dalk die gees gaan gee nie.

Miskien is hierdie fase van inperking en versmoring 'n tydperk van reiniging van oortuigings – 'n tipe woestyntyd soos ek al beleef het tydens 'n staptog in die Richtersveld. Alle goeie idees kom uit die woestyn, uit die waterlose barre werklikheid, is 'n ou bekende gesegde in die Ou Naby-Ooste waaruit meeste geloof-geskrifte ontstaan het.  Niks goeds spruit uit die paradyslikheid van die lewe nie, het ek loop en dink tydens my staptog. Dit was blomtyd en alles wat min of meer kon blom, het sy kleure en geure uitgesaai. Die spatseltjies kleur was egter wyd uit mekaar en dikwels in klein klossies asof hulle geselskap van mekaar soek. Die woestyn is 'n wye en alleen plek. Plante dink ook so, dink ek en daarom klomp hulle so saam.

Daar is veel meer as die sigbare wat ons waarneem in woestyne en woestyn-tye. In hierdie tjoepstil-stilte is geluide wat net die hart kan hoor. Hier voel mens aan jou siel dinge wat metafisies is. Dit het te make met skepping en singewing en liefde en die ewigheid. In die valleie is dit maklik om rigting te hou as mens jou visier stel op 'n punt doer waar die klipkop skielik uit die middel van die vlakte uitpeul. Tussen die rante en koppe en berge is dit 'n ander storie. Hoekom geniet ek hierdie barheid meer as die plesiere wat metropole aanbied, het ek daar loop en wonder? 'n Gebied soos die Richtersveld stroop jou van alle aanplaksels en verskonings van die lewe, het ek in die tyd ervaar. In woestyn-tye word mens gestroop en gewas en gereinig van alle onnodighede en aanplaksels wat jy onbewustelik langs die pad opgelaai het.

Die woestyn waarin ons nou verkeer, is een van verlies waar die blommetjies vêr uitmekaar opspring en waar die inperking mens dwing om oor die lewe na te dink – so gestroop van vele dinge wat gerieflik deel van die lewe was voor die pandemie van virus en vrees ons kom betronk het. Dit is sleg, aaklig, onregverdig, onverdiend, selfs onnodig, 'n pyn, 'n kwaadmaak ding, byna wreed – maar ook meer as die negatiewe. As jy wil, soos gebeur as jy dalk die Richtersveld beleef, kan jy iets anders ook beleef: 'n Reiniging, 'n oopskop van nuwe idees, 'n tipe wedergeboorte, 'n beweging nader aan geliefdes en die Skepper, maar in alle gevalle so ietsie van persoonlike transformasie of selfs 'n metamorfose.

Jesus, Paulus, Elia en vele ander staan aangeteken in die Bybel dat hulle woestyn toe uitgewyk het. Daar het hulle te make gekry met die kragte van goed en sleg. Daar het hulle moes kies wat belangrik is in

hierdie lewe. Elia moes opstaan en sy taak gaan klaarmaak, Paulus het die blye boodskap uitgeklaar van kruisiging tot die groot opdrag, Jesus moes die bose se lokmiddels van die hand wys toe alles donker was. Jy is nou ook by so ’n situasie – wat soms gerieflik genoem word dat mens nie ’n krisis moet mors nie. Hoekom lewe jy? Wat maak jy hier waar jy ook al is. Wat is jou liefdestaak, jou talente en gawes? Wat is die blye boodskap wat jy tot getuienis kan bring? Hoe antwoord jy op die aanloklike aanbiedinge wat soms boos kan wees vir mens en natuur? Wat beteken ’n volkome lewe vir jou?

In die begin van ’n woestyn-ervaring baklei jy nog daarteen, maar later word dit ’n noodwendigheid waaroor jy miskien mettertyd begin halleluja. So gestroop kom die werklikhede na vore en kom idees en lewensin en van liefde soos jy gereinig word van die onnodige. En skielik besef jy, op die pylvak van hierdie roete, dat jy nooit daarin kan en hoef te vestig nie. Jou metamorfose en transformasie het nou plekke nodig om die nuwe idees en sin en liefde vry te laat – en dit noem mens jou leefruimte. Dis waar dat geen lewe volledig kan wees sonder woestyn-tye nie. Soos met al die blomme in ’n klipwoestyn, is dit ook waar ’n nuwe toekoms bevrug word.

Kerke is besig om leeg te loop; besighede is besig om tot niet te gaan; politiek dreig om ideologies te ontwikkel – alles, alles wil mens depressief maak. So voel mens al te maklik vanuit die realiteite. So ook het Adam in die paradys, Elia in sy verklaarde droogte in Judea, Jona in die groot vis, Abraham op die hoogland, die Israelite voor die Rooi See, Jesus in die woestyn, Paulus in Damaskus, Johannes op die eiland Patmos gevoel. In al hierdie omstandighede het daarna tydperke van positiewe ontwikkelinge gekom. Maar dit het ’n transformasie van hulle gevra in die hopelose tye voordat ’n metamorfose van die wurm ’n skoenlapper gemaak het.

Die tyd in grendeltyd sal verbygaan en dan gaan jy voort met wat jy daarin in jou hart en siel en kop en liggaam vertroetel het. As dit die negatiewe response en moedeloosheid is, dan is dit jou voorland. As dit die nuwe hoop en idees en perspektiewe is, dan is dit jou voorland. Die profeet Elia het na die groot droogte ’n reën der seën afgebid aarde toe. Jona moes na die groot vis hom uitgespoeg het die taak wat hy gehad het en nie wou doen nie, wel gaan doen. Paulus het na sy Damaskus-ervaring waar hy in visioen en waarheid die Here Jesus waarlik ontmoet het, die blye boodskap deur dade en briewe gaan opteken. Jesus het na sy woestyn-versoeking dit vir ons moontlik gemaak in kruisiging en opstanding om volkome te lewe. Aan die ander kant het die Israeliete na hul Rooisee ervaring geweier om hul toekoms te gryp in die beloofde land wat gemaak het dat hulle vir 40 jaar in sirkels in die woestyn rondgetrek het.

Wat lê vir ons voor: ’n Winter van Wanhoop of ’n Lente van Hoop? Die antwoord is ’n saadjie in ons wat ons met geloof moet voed, en nie in die werklikheid om ons wat ons moet bemes nie. Ons kan kies....

Amen